# Die uitdaging van die nasionale ontwaking by die Bantoe

## IS ONS AGTER ONS TYD?

Prof. H. du Plessis van Potchefstroom skryf in „Die Oes" van Februarie onder hierdie hoof as volg:

### 'N ESKATOLOGIESE UITSIG

Watter uitdaging word vanweë die ontwakende nasionalisme onder die nie-blanke volke aan ons gerig? Wat hou die uitdaging insake die ontwaking in Afrika vir ons in? Soos reeds deur ons genoem is, word die naturelle deur die blanke voorbeeld van rusteloosheid, veranderingsdrif en 'n nooit bevredigende vooruitgangstrewe, wat op verbetering van toestande in die toekoms gerig is — en sydelings ook deur die prediking en die openbaringsgeskiedenis van die Skrif — beïnvloed om 'n lewensbeskouing te ontwikkel waardeur daar nou na 'n beter lewe in die toekoms uitgesien word. Hulle ontwikkel 'n eskatologiese uitsig en daar ontstaan by hulle 'n onkeerbare en soms selfs fanatieke drang en begeerte na 'n lewe van welvaart en vryheid vir die individu sowel as die etniese groep. Ook groei by hulle 'n hartstogtelike verlange om die neerdrukkende gevoel van minderwaardigheid, wat die blankes as gevolg van hulle hoëre kultuur, tegniek en wetenskap en hulle „onuitputlike" rykdomme by hulle wek, van hulle af te skud en om die blanke in alles te ewenaar en as dit kan, selfs te oortref.

Hierdie nuwe eskatologiese siening van die nie-blanke dui op 'n epogmakende deurbraak in die heidendom waardeur 'n nuwe periode in die wêreldgeskiedenis ingelei is.

**Ons is dus hopeloos agter ons tyd as ons nog onder die waan verkeer dat die nie-blanke in die toekoms op dieselfde wyse as in die verlede met 'n primitiewe, agterlike en minderwaardige lewenswyse en -bestaan genoeë sal neem.**

Ook by die Bantoe in Suid-Afrika is daar 'n groeiende geloof en verwagting dat daar vir hulle 'n betere toekoms voorlê. Hierdie geloof word besonderlik versterk deurdat vryheid en ontwikkeling reeds vir verskillende nie-blanke lande verwesenlik is. Japan en China is reeds sterk vooruitstrewende nasies en veral China word gevrees as die groot dreigende gevaar vir die Weste. Maar selfs donker Afrika is reeds vir die grootste gedeelte „bevry", en as daar een ding is waarin hierdie „bevryde" volke saamstem, dan is dit in hulle begeerte om hulle swart broers in Suid-Afrika te verlos van die „onderdrukkende" blankes.

Daarbenewens besef die Bantoes baie goed dat feitlik die hele wêreld aan hulle kant en teen ons is. Ook hieroor mag ons geen illusies koester nie. Ons vaar dwars teen die wêreldstroom in en is geplaas tussen ronddraaiende meulstene wat ons fyn wil maal.

### DIE BLANKE SE PRESTIGE HET GEDAAL

Die nie-blanke is nie meer gewillig om die onderworpene van die blanke te bly nie, en omdat sy eerbied en vrees vir die blanke in veragting en haat verander het, ag hy dit 'n vernedering om langer sulke toestande te duld. Die blanke word nie meer as 'n soort god geëer en gevrees nie.

As beskuldiging teen die blanke word ingebring dat hy steeds behep was met die idee dat hy vanselfsprekend die maghebbende en besittende moet wees terwyl die nie-blanke vanselfsprekend magteloos, arm, afhanklik en onvry is en net daar is as arbeidskragte in die blanke ekonomie, as swart middels tot die blanke doel, as besitloses. Hierdie hoogmoedige blanke is en word nou uit die besittings van die nie-blanke verja en op sy knieë gedwing en nou vrees hy die swart reus en die geel kolos.

Hierdie eens so gevreesde blanke is maar 'n gewone mens en eties sowel as godsdienstig stel hy geensins 'n navolgenswaardige voorbeeld nie. Die wat nie skynheiliges is nie, wie se lewe met hulle godsdiens in stryd is, is onbewimpelde materialiste en onsedelikes. Van mense wat so selfsugtig, so materialisties en so onsedelik is, kan dan ook verwag word dat hulle hulle eie Messias as die uitvaagsel van die wêreld vermoor het.

In bogemelde beskrywing van die houding en sienswyse van die nie-blanke is daar natuurlik heelwat oordrywing, misverstand en ondankbaarheid vir al die goeie wat die blankes aan hulle bewys het en nog bewys. Al besef ons nie almal die diep betekenis van wat tot sover gesê is nie, is die meeste van ons seker min of meer op hoogte met toestande soos dit hier geskets word.

### DIE GODSDIENSTIGE ASPEK

Waarmee egter minder rekening gehou word en wat ons as die tweede baie belangrike nuwe faktor beskou, is dat die politieke aspirasies nou ook godsdienstig en mities gekleur en gefundeer word. Om dit te begryp, moet ons in aanmerking neem dat, hoewel die Bantoe 'n intense begeerte het na die hoër kultuur, beskawing en betere en hoëre beskawingsprodukte van die blanke, wat hom tot bittere naywer verwek, by aan die ander kant begin besef dat sy lewe in die maalstroom van westerse suigkrag en wêreldstroom gedisintegreer word sonder dat 'n nuwe integrasie in die blanke lewe vir hom moontlik is. Die ankers wat hom aan sy verlede verbind, word losgeruk en hy sweef in 'n geestelike en kulturele vakuum, waarin hy niks word nie. Die Bantoe voel intuïtief aan dat onder die huidige omstandighede daar niks van hom self sal oorbly nie, dat sy Bantoe-siel verlore gaan, sonder dat hy 'n geestelike tuiste in die blanke beskawing, kultuur en ekonomie vind. Al uitweg vir 'n eie toekoms van 'n eie Bantoebestaan is dus om weer in 'n sekere mate in eie geestelike kragte geanker te wees.

### POLITIEK-GODSDIENSTIGE MESSIASSE.

Daarbenewens bekruip die vrees hom soms dat, ten spyte van die nuwe ideale van 'n nuwe toekomst, hy tog maar weer die onderspit gaan delf. Hy is nog so ver agter by die blanke en die hoogtes boontoe lyk so steil en onoorkomelik. Tensy hoëre magte hom bystaan sal hy die eindpaal nooit haal nie. Hoe sal dit bewerk kan word dat hy enersyds tot ongekende nuwe hoogtes uitstyg en andersyds sy Bantoesiel in die lyn van die verlede bewaar? Bewus of onbewus verwag hy hierin redding van 'n messias wat deur sy voorouers bygestaan word maar wat ook 'n profeet van die almagtige God is. Hierdie messias moet hom verlos van towery, siekte en ander ellendes en hy moet welvaart en vooruitgang verseker.

Op hierdie wyse kom daar nou politiek-godsdienstige messiasse op die toneel, soos o.a. Nkrumah wat as 'n messias en 'n God vereer word. Voorlopers van sulke messiasse is die leiers van messiaans-chiliastiese Bantoe-sektes. Soortgelyke sektes is daar by byna alle primitiewe volke, maar nêrens is hulle so talryk soos in Suid-Afrika nie. Oor hierdie soort sektes verskyn haas die afgelope paar jaar telkens nuwe studies en beskouinge. Algemeen word aanvaar dat hulle ontstaan gewyt moet word aan 'n geestelike, kulturele en/of ekonomiese krisis wat in die reël op 'n noue kontak met blankes en die blanke beskawing volg. Sulke beweginge ontstaan gewoonlik wanneer godsdienstige en kulturele ontwrigting intree en daar nie 'n nuwe geestelike en kulturele houvas in ewewigtigheid gevind word nie. Verskynsels doen hulle dan voor wat aan neurotiese toestande laat dink. 'n Uitweg word dan in hierdie godsdienstige klimaat gesoek en die beweginge verkry ook 'n politieke inslag. Daar ontstaan politiek-godsdienstige beweginge wat op verlossing uit die krisis en op die verwagting van 'n nuwe toekoms gerig is. In hierdie klimaat ontwikkel nou die gedagte van 'n nasionale messias.

### DIE KONINKRYK VAN GOD VIR DIE BANTOE

**Die bekende Lutherse sendingwetenskaplike J. H. Margull, wat in sy nuwe werk Aufbruch zur Zukunft hierdie soort beweginge in Afrika en Asië vanuit sending-wetenskaplike, dus teologiese gesigspunt wil besien, kom tot die konklusie dat hierin opgesluit lê die verlange en uitsig na 'n nuwe toekoms, na die koninkryk van God. By baie is daar 'n sterk oortuiging dat die koninkryk reeds gekom het en geopenbaar word in die mag wat hulle leiers besit om siektes te genees, bose geeste te besweer en towenaars se bose werke onskadelik te maak.**

Maar die koninkryk van God hou vir die meeste van hierdie aanhangers baie meer as dit in. Hulle verwag ook dat God aan hulle 'n nuwe koninkryk met paradystoestande sal verseker waarin hulle al die voordele en skatte van die westerse beskawing sal geniet en hulle eie „gelukkige" verlede terselfdertyd weer sal herleef.

Volgens baie het daar vir die blankes reeds so 'n koninkryk aangebreek. **Dit is die koninkryk van God wat Christus vir hulle verwesenlik het. Daarom is die blankes ryk en wetenskaplike, tegniese en kulturele gebiede 'n hoë beskawing. Maar vir die Bantoe het Christus nie sodanige koninkryk gebring nie. Sy werk moet dus aangevul word deur 'n swart Messias wat die koninkryk van die swart man sal verwerklik.**

Al die tekens dui volgens hierdie mense daarop dat die koninkryk nou baie naby is. Die swart Messias het reeds gekom, of is naby. Daarom moet alles in die pad daarvan uit die weggeruim word.

Dit word uiteindelik 'n obsessie by die mense, 'n soort fanatieke besetenheid pak hulle beet, daar ontstaan fanatieke uitbarstings wat, omdat dit gedra word deur 'n onversetlike geloof dat God en hulle Messias hulle koninkryk vir hulle bring, vir niks of niemand stuit nie. As dit eers so ver is sal hulle blindelings en onbevreesd gevangenskap, honger en selfs die dood trotseer.

### 'N NASIONALE MESSIAS IN SUID-AFRIKA?

Hierdie beweginge, of wat inherent daarin is, groei nie altyd tot hierdie klimaks nie, maar daar is baie voorbeelde van sulke uiterstes, ook in Suid-Afrika.

Waar die kontak met blankes en die blanke beskawing baie nou en langdurig is, soos veral in die geval van die Bantoebevolking in ons stedelike gebiede, ontstaan daar baie gunstige toestande vir massaneurose en messiaans-chiliastiese beweginge. As hierdie naturelle nie geleidelik op een of ander manier by ons ingeskakel kan word nie of indien daar nie 'n volwaardige ontwikkeling en bestaan in eie nasionale tuislande vir hulle moontlik gemaak kan word nie, vrees ons dat al die tekens daarop dui dat daar miskien gouer as wat ons dink uiteindelik 'n Messias vir al die Bantoes kan opstaan.

### IS ONS AGTER ONS TYD?

Uit bostaande volg dat met die nuwe eskatologiese uitsig van die Bantoe hulle nasionalisme, wat as sodanig vanself 'n onoorwinlike krag is, onstuitbaar word veral as dit deur die hele wêreld aangeblaas word. Dit word 'n onuitblusbare vuur en onbedwingbare orkaan en onkeerbare stroom as dit gedra word deur 'n onwankelbare hoop en 'n fanatieke wil en godsdienstige besetenheid en begeestering.

Ons is dus heeltemal agter ons tyd as ons meen dat ons nog steeds kan voortleef asof niks verander het nie. Ons sal ons moet baas om vir die Bantoe 'n weg in vryheid en vooruitgang moontlik te maak. 'n Uitdaging word aan ons gerig en ons sal dit deur die daad van gehoorsaamheid aan God moet beantwoord.

### REDE VIR VEROOTMOEDIGING

Daar is ook rede om ons voor God te verootmoedig. Hoewel die Bantoe vir sy eie sondes deur God verantwoordelik gehou sal word, sal ons onsself moet afvra of ons nie ook mede-aanspreeklikheid moet aanvaar nie vir hulle skewe opvatting van wat die koninkryk van God is en hoe en wanneer dit kom. Word en is die Woord van God só aan hulle verkondig en hulle eredienste só ingerig dat hulle ook as Bantoes kan aanvoel dat en hoe die koninkryk van God gekom het en nog kom? Dat die Bantoe die koninkryk van God hoofsaaklik in uitwendige voorspoed en beskawing sien, moet gedeeltelik toegeskryf word aan ons onchristelike beskawing en aan die voorbeeld van die blankes wat in hierdie uitwendige dinge die hoogste goed sien, want terwyl die Bantoe godsdiens en kultuur nie skei nie, gaan hy van die veronderstelling uit dat in die kultuur en beskawing van die blanke ook sy godsdiens spreek. Volgens die Bantoe sien en belewe die blanke die koninkryk van God in die eerste plek in hierdie dinge van die wêreld. Dit is die godsdiens van die blanke, dit is sy lewe, sy koninkryk. Die koninkryk van God het vir die blanke gekom maar dit is nou die beurt van die swart man.

Ons moet ons baie ernstig afvra of en in hoeverre ons skuld het aan die onchristelike nasionalisme van die Bantoe. **Is ons lewe so dat hy daarin kan sien dat die koninkryk van God in geregtigheid en liefde gekom het? Word ons lewe gekenmerk deur geregtigheid en liefde veral in ons optrede teenoor die nie-blanke?** Is daar by ons 'n begrypende liefde vir sy probleme en geestelike krisis wat hy nou deurgaan en begeer ons van harte sy vooruitgang, welvaart en selfstandigheid en 'n lewe in gesonde christelike vryheid en wil ons alle kragte inspan om hom te help om dit te verwesenlik? Is daar by ons 'n brandende begeerte om aan hom die ware lewensweg en waarheid, die ware koninkryk van God te verkondig?

As die goeie wil by blank sowel as nie-blank is, dan sal die Here ons weg vorentoe aandui en ons in rassevrede in hierdie dierbare vaderland van ons én hulle laat woon. Gelukkig is daar nie-blankes wat ons as bondgenote in die stryd teen die bose moet beskou en aanvaar. Daar is ook baie Bantoe-christene wat nie soos die heidene „die koninkryk van God in hierdie dinge van die wêreld soek" nie (Matth. 32) maar wat Jesus wil gehoorsaam wat gesê het: „Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid" (Matth. 6 : 33). Dit laat ons hoop dat hierdie Bantoe-christendom die stroom van valse en onchristelike nasionalisme sal kan stuit en die Bantoelewe in 'n gesonde rigting sal kan lei, maar dan sal ons van harte gewillig moet wees om 'n christelike nasionalisme — in die volle betekenis van die woorde — by hulle te bevorder wat ook insluit die bevordering van hulle hoogs moontlike materiële vooruitgang, welsyn en welvaart. Bo alles sal ons al ons kragte moet inspan om die suiwere Woord van God aan hulle te verkondig en die ware Christendom vir hulle hele lewe te bevorder. Of is ons ook nog in hierdie opsig agter die tyd, of liewer agter die tyd van God? Op hierdie vraag sal ons in 'n volgende artikel nader ingaan.

**Pro Veritate**

Published the 15th of each month.
**Correspondence:** Administration. Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.
**Editorial Committee:**
Dr. P. G. Geertsema.
Prof. Dr. J. C. G. Kotzé.
Rev. E. E. Mahabane.
Rev. R. Orr.
Prof. Dr. A. van Selms and Rev. J. W. Wessels.
**Editor:**
Rev. C. F. B. Naudé.
**Subscription:**
Republic of South Africa, S.W. A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.
Overseas: R2.50 per year in advance.
Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty.) Ltd.

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Oliënlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.